# BRadHons Stralingsterapie (10247012)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |

## Programinligting

Studente wat nie op voorgraadse vlak (d.i. vanaf die tweede studiejaar) in Stralingsterapie gespesialiseer het nie, registreer volgens hierdie leergang.

## Toelatingsvereistes

- Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies, is die BRad-graad of gelykwaardige kwalifikasie in die betrokke spesialiseringsrigting, asook registrasie as Radiograaf by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika 'n vereiste.
- 'n Student moet 'n voltydse pos vir hierdie doel beklee by 'n instansie wat deur die Departement goedgekeur word.

## Addisionele vereistes

Alle studente moet registreer vir NVB 700 Navorsingsbeginsels.

Sien ook die Algemene Regulasies.

## Eksamens en slaagvereistes

'n Tweede eksamengeleentheid kan in modules wat nie geslaag is nie, toegestaan word, ooreenkomstig die bepalings van die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe in die verband.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat 'n gesamentlike gemiddelde van minstens 75% in al die modules vir die graad behaal het.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Fundamentele modules

Navorsingsbeginsels 700 (NVB 700) - Krediete: 5.00

## Kernmodules

Radioterapie: Dosisbeplanning 700 (RDB 700) - Krediete: 35.00
Navorsingsverslag: Radiografie 700 (RSK 700) - Krediete: 30.00
Stralingsterapie 701 (RSZ 701) - Krediete: 35.00
Stralingsfisika en stralingsbeskerming 700 (SFR 700) - Krediete: 15.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.